# BLOEDIGE ROBYN



SANDBERGH BEYERS

# BLOEDIGE ROBYN

DEUR

SANDBERGH BEYERS

SEBRA BOEKE
In Groot Brittanje gedruk vir
SEBRA UITGEWERS (EDMS) BPK.,
301 S.A.C.T.A.—gebou,
Breestraat,
JOHANNESBURG.

## HOOFSTUK EEN

### *Twee raak weg*

Dit het nie so lank gelede nie, gebeur. Wanneer kaptein D'Avalon daaraan dink, voel hy nog steeds die koue afsku. Die twee Suid-Afrikaners, manskappe Jurg Kruger en Kasper Janse praat liewer nie daaroor nie. Tog kan hulle dit nie help om af en toe te dink aan daardie vreemde sending in die Sahara nie, wat soveel dapper manne hul aaklige dood gekos het.

Die man wat seker die meeste ly wanneer sy gedagtes terugsluip na daardie aaklige ondervinding, is die reus Kasper.

Dit is die verhaal van 'n kosbare steen wat uit die donker verlede tevoorskyn gekom het, 'n steen so rooi soos bloed, wat ook baie bloed laat vloei het. Dit is die verhaal van gewetenlose manne wat daardie steen wou gebruik teen 'n hele volk en dit is die verhaal van die dapperheid van 'n groep manne wat deur die wêreld verstoot en verag word—manne wat geveg het, tot die donker, gruwelike dood toe, sodat tirannie nie oor die hele Noord-Afrika sou spoel nie.

Die verhaal begin met die radioboodskap uit Algiers, die boodskap wat deur verskeie garnisoendorpe gegaan het totdat dit eindelik by majoor Pylo, aanvoerder van die eensame garnisoen in Dana Talani, uitgekom het.

Nadat hy die boodskap gelees het, veroorloof die majoor homself die besondere weelde om die staf in Algiers saggies te vervloek. Daarna skiet hy die stukkie papier oor die skryftafel na kaptein D'Avalon.

D'Avalon streel sy ken met die swart stoppelbaard en lees die ontsyferde kodeboodskap. Toe hy praat, is daar

tegelyk simpatie en ergerlikheid in sy stem: " Goeie genugtig! Dit lyk vir my ons word die kindermeide van die ganse woestyn, majoor!"

" Was ons al ooit iets anders?" verneem Pylo onnodig. Ons moet die vrede bewaar in een van die gevaarlikste streke in die ganse wêreld, 'n gebied waar oorlogslustige Arabiere steeds dreig om moeilikheid te maak met diegene wat vreedsaam wil leef, 'n gebied van tien-duisende vierkante myle sand en rots . . . dit is al, net sand en rots. Daar groei nie voedsel nie en daar's nie water nie. En dit alles moet ons doen met 'n handjievol manne. Ja-nee, my liewe man, ons is kindermeide van die woestyn —oorwerkte kindermeide. Kyk dan nou net wat hulle nou weer wil hê!"

Pylo staar weer na daardie boodskap en trek sy vingers deur sy grys hare. Die boodskap het die eienskap van alle militêre mededelings. Dit verskaf slegs die kaal feite, sonder enige besonderhede hoegenaamd. Skynbaar verbeel die owerheid hulle dat majoor Pylo die een of ander bonatuurlike wete het wat hom in staat sal stel om die verdere besonderhede van die geval, die agtergrond, in te vul. Die boodskap lui:

> " Twee Amerikaanse oudheidkundiges vermis terwyl hulle ruïnes van Zaruse ondersoek het. Name professor Dule en doctor Carran. Stuur soekgeselskap."

Pylo sug en sê: " Liewe hemel, ek dien al dertig jaar in hierdie wêreld en ek het nog nooit van die ruïnes van Zaruse gehoor nie. Waar op aarde kan dit tog nou weer wees?"

D'Avalon skud net sy kop stadig. Hy weet ook nie.

Pylo trek sy laai oop en haal 'n gidsboek van die Franse leër daaruit. Hy blaai byna sorgeloos deur die bladsye en dan gaan sy vinger stilstaan by 'n verwysing van slegs twee reëls.

" Hulle sê hier dat Zaruse die plek is waar die antieke Dalak-beskawing sowat drieduisend jaar gelede in duie gestort het." Pylo praat sonder die minste geesdrif. " Daar is nog 'n paar geboue staande en dan is daar talle



ondergrondse grafkelders. Daar is geen inwoners nie. Posisie, honderd myl oos-suidoos van Haloesa."

Pylo gooi die boek op sy skryftafel neer. Hy soek na sy sigaretdoos in sy hempsak en toe hy op die punt is om dit oop te maak, kyk hy vinnig na D'Avalon. Hy herhaal dit stadig: " Honderd myl oos-suidoos van Haloesa . . . dit is skaars die aangewese plek vir twee wetenskaplikes om in rond te foeter, nie waar nie?"

" Dit is uiters gevaarlik," bevind D'Avalon. " Die Dalaks is ten suidooste van Haloesa gekonsentreer en hulle sal sekerlik nie 'n wetenskaplike ekspedisie verwelkom nie, van watter aard ook al. Inderdaad, hulle sal geen blankes verwelkom nie, hoe goed hul bedoelings ook al mag wees. Dis skone gekheid om sonder beskerming na die Dalak-gebied te gaan. Dit is om nou jou dood te soek."

Kaptein D'Avalon oordryf nie. Hoewel hulle onlangs swaar verslaan is deur die Vreemde Legioen, oorheers die Dalaks nog daardie deel van die Sahara—'n streek ver buite die bereikbare patrolleergebied van die Vreemde Legioen.

Vir die huidige, altans, is die owerheid in Algiers met die toestand tevrede. Daar ver, buite bereik van die normale karavaan-roetes, kan die Dalaks nie veel vere laat waai nie, so meen die owerheid.

Dit geld natuurlik nie vir verspotte skepsels wat sonder die minste beskerming daar gaan lol nie. Dit geld nie in die geval van hierdie twee Amerikaners nie.

D'Avalon dink bitter daaroor dat dapper soldate nou aan gevaar blootgestel sal moet word om hierdie twee verspotte Amerikaners te gaan red—as die Dalaks nog nie hul velle laat waai het nie. Daar sal boonop sorgvuldig ondersoek moet word om vas te stel presies wat met die twee gebeur het.

Pylo bied D'Avalon 'n sigaret aan. Toe hulle eers albei rook, sê hy: " Ek weet nie veel van die oudheidkunde nie en ek is ook nie van plan om hierdie leemte aan te vul nie. Ek moet egter aanneem dat hul sending deur die wetenskaplike wêreld as belangrik opgeneem is, anders

sou hulle seker nooit hierdie malperd opgeklim het om Dalak-gebied binne te gaan nie. Maar, liewe genugtig, waarom is ek nie in kennis gestel nie? Ek kon minstens 'n geleide verskaf het vir hierdie twee spektakels wat so dors na die kennis."

Hy kyk onderlangs na die rangtekens op sy mou en dan sê hy bietjie bitter: " Skynbaar is dit nie genoeg as ek as majoor die verantwoordelikhede van 'n kolonel dra nie. Skynbaar moet ek opsetlik oor die hoof gesien word."

Hy voel seer hier oor. In die afgelope maande wag hy al vergeefs dat die hoër rang aan hom toegeken moet word. Soos gewoonlik beweeg die ministerie van oorlog soos 'n slak. Natuurlik, hulle probeer weer geld spaar.

D'Avalon verwyder sy pet en vee die dik sweet van sy kop en sy gesig af. Die son is reg oorheen en dit smaak of die droë hitte in die vertrek 'n mens laat verstik. Hierdie is die uur wanneer selfs die alomteenwoordige steekvlieë die stryd gewonne gee en ophou om jou te verpes. Hulle sit nou so stil teen die mure dat dit lyk hulle is lewelose goed wat daar vasgeplak is.

" Ek dink nie die owerheid in Algiers sou danig geesdriftig oor hierdie soort petalje gewees het nie. Dalk is die permit in Parys toegestaan. So 'n ongewone ding word gewoonlik op hoë peil gedoen."

Pylo voel dat die uitgeslaapte D'Avalon alweer die hele ding deurgrond het. As die permit deur die regering in Parys toegestaan is, is dit heelwaarskynlik dat die militêre owerheid in Algiers nie juis uit hul pad sal gaan om hierdie twee Amerikaners te soek nie omdat die militêre maar oor die algemeen weinig smaak het vir die beslissings en die optrede van die burgerlike owerheid.

" Het jy al ooit tevore van hierdie twee krewe gehoor? Is hulle miskien beroemd, of hoe?"

" Ek het nog nie van hulle gehoor nie, Majoor, maar ek neem aan dat hulle in hul eie kring bekend moet wees."

" Is hier nie iemand wat iets van hierdie kêrels sal weet nie? Dit kan ons miskien help as ons uitvind watter soort manne hulle nou eintlik is, nie waar nie, D'Avalon?"

" Dit is net so, Majoor. Ek weet nie waarom nie, maar ek het die indruk dat ons hier meer met fortuinsoekers te doen het as met volbloed-wetenskaplikes."



Pylo trek sy donker wenkbroue hoog op. " Wat gee jou daardie indruk, Kaptein?"

" Dalk is dit maar intuïsie, *mon officier,* maar ek kan van daardie indruk nie ontsnap nie. Ek voel dit so aan my broek dat ons hier met twee besonderse kêrels te doen het."

" Ewewel, is hier iemand wat ons moontlik kan raadpleeg?"

" Hier is die Amerikaanse soldaat Connor, 'n heeltemal intelligente kêrel wat seker op hoogte bly met verwikkelinge en persoonlikhede in sy eie land."

" Laat hom dadelik hierheen kom."

D'Avalon ontbied vir sersant Collat, 'n vreeslike man, en stuur hom om Connor te gaan haal. Hulle bly nie lank weg nie. Connor kom binne en spring voor die majoor se skryftafel op aandag.

" Manskap Connor," sê die majoor bondig, " het jy enige kennis van twee Amerikaanse burgers met die name professor Dule en doktor Carran? Hulle is glo oudheidkundiges. Dis al wat ek van hulle weet. Ek wil egter meer besonderhede oor hulle inwin."

Connor is bietjie uit die veld geslaan. Hierdie vraag is vir hom 'n verrassing en dit neem hom 'n paar oomblikke voordat hy die feite kan assimileer. Dan reageer hy egter vinnig.

" Ja, *mon officier,* ek skat daar is min mense in die Verenigde State wat nog nie van hierdie twee karakters gehoor het nie. Hulle het in Peru belangrike ontdekkings in verband met die Inca-beskawing gedoen—en in die proses het hulle 'n handvol geld ook verdien. Toe ek laaste 'n Amerikaanse koerant onder oë gehad het, het ek daarin gesien dat hulle planne maak om hier na Marokko te kom. Hulle het glo die een of ander soort ekspedisie in gedagte gehad. Hierdie was opvallende nuus in die koerant en ek het die indruk gekry dat party mense hulle nie vertrou nie en dat daar gemeen word dat hulle iets wegsteek. So tussen die reëls het dit my voorgekom of mense meen

dat hierdie twee agter iets baie belangriker is as 'n spul ou bouvalle hier diep in die woestyn en dit nogal in die gebied van moorddadige Arabiere soos die Dalaks. Maar die twee wou glo geen besonderhede verstrek nie. Dit het blykbaar die koerante hond se gedagte gegee."

Die twee offisiere staar na die Amerikaner. Dit is nie Pylo se gewoonte om gewone manskappe te veel in sy vertroue te neem nie, maar hierdie is 'n buitengewone toestand en hy gee die radioboodskap aan Connor.

Connor staar na die boodskap en eindelik sê hy: " Ja'k, dit is seker daardie twee knape."

Pylo knik en kyk na D'Avalon maar die kaptein het geen vrae om te vra nie. Connor word aangesê om te gaan.

Toe Connor uit is, sê Pylo: " Dit spyt my, *mon ami,* maar ek moet jou nogtans vra om 'n soekgeselskap te lei. Hier is niemand anders met genoeg ondervinding vir hierdie soort ding nie."

Hierdie vooruitsig maak die dun D'Avalon nie neerslagtig nie. Inteendeel, sy gesig verhelder.

" *Merci, mon officier,*" sê D'Avalon. " Dit sal in elk geval interessanter wees as om hier in Dana Talani te sit en vergaan. Hoeveel manne kan ek saamneem?"

Pylo reken vinnig. Eindelik sê hy: " Ek kan nie baie manne spaar nie. Hier is juis so min reserwes en die garnisoene van die forte moet gedurig aangevul word. Aan die anderkant moet jy gevaarlike gebied binnegaan." Die ou veteraan tuit sy lippe. " Ek skat ek kan jou twee seksies van Kompanjie B afstaan. As jy gelukkig is, sal dit voldoende wees."

D'Avalon suig aan die punt van sy wandelstaf. Twee seksies. Sestig manskappe! Dit is bepaald nie eintlik 'n leër nie, veral waar van hom verwag word om die gevaarlike Dalaks-wêreld so ver binne te dring. Nietemin, meer kan Pylo nie beskikbaar maak nie. Dit is nou maar soos dit in die Vreemde Legioen gaan—daar is nooit genoeg manne nie.

" Ons vertrek om sononder," sê D'Avalon.

" Neem jy Connor saam?"



" Ek reken nie so nie, *mon officier.* Connor is nie 'n besonder taai soldaat nie. Brein het hy wel, maar ek het met hom steeds moeilikheid op snelmarse. Hy't blykbaar nie wind nie. Vir hierdie ekspedisietjie het ek manne nodig wat dinge kan verduur."

" Dis ook weer waar," sê majoor Pylo.

D'Avalon loop na die venster toe en hy kyk uit oor die labirint van straatjies in die Arabierse dorp. Hy hoor die sagte slag van groot vlerke en hy sien 'n groot aasvoël op die dak van Kompanjie B se slaapsaal neerkom. Hy sit daar soos 'n brandwag van die dood.

D'Avalon sê nie 'n woord nie, maar hy voel meteens 'n koue vrees in hom—iets waaraan hy oor die algemeen nie gewoond is nie.

# HOOFSTUK TWEE

## *Dalak-wêreld*

Een keer het die dorp Haloesa so byna beroemd geword weens 'n poging van die Arabiere om die Vreemde Legioen omver te gooi. Dit is egter al lank gelede en die paar honderd Arabiere wat nou daar woon, is dood tevrede. Soos die geval met alle vreedsame Arabiere is, begeer hulle slegs om alleen gelaat te word. Hulle is tevrede met hul pondokke, hul bokvleis, die vlieë en die aanhoudende stank van die plek.

Daarom kyk hulle skeef op toe die Legioenpatrollie een môre daar aangemarsjeer kom.

Daar is egter ook geen vyandigheid nie. Die inwoners van Haloesa het veel te danke aan die beskerming van die Legioen en hulle het dit nog nie vergeet nie. Daarom kyk hulle taamlik onverskillig na die klein kolonne manskappe wat op hul markterrein tot staan kom. Party van hulle gaap selfs van die vervelentheid toe hul hoofman uit sy rousteenhuis tevoorskyn kom om met kaptein D'Avalon te kom praat.

Nadat hulle gegroet het, kyk D'Avalon met weersin na hierdie hoofman. Hy ruik nie besonder goed nie en klompe vlieë drom om sy oë saam sonder dat hy hom eens aan hulle steur. Hy is tipies.

D'Avalon span sy kennis van Arabiers in. Hy deel die hoofman mee dat hulle op soek is na twee witmanne. Het hulle nie dalk hier verbygekom nie?

Daar is niks wat 'n Arabier so streel as wanneer hy om inligting gevra word nie. Hierdie hoofman van Haloesa is geen uitsondering nie. Hy tel 'n maer hand in die lug op, met 'n dramatiese gebaar en voordat hy nog praat,





weet D'Avalon dat hy reg gehandel het deur eers na hierdie stinkende plek te kom.

" Ja, baie dae gelede het twee sulke manne met vyf kamele en bediendes hier kom stilhou om van ons water te koop."

" Watter rigting het hulle hiervandaan ingeslaan?"

Die hoofman fladder sy maer hand in suidoostelike rigting, maar hy sê niks nie.

D'Avalon sê: " Ons gaan ook water by jou koop, sowel as vleis."

Daar is onmiddellik belangstelling onder hulle wat daar rondstaan en wat hierdie gehoor het. 'n Bont bok word losgemaak en hier na D'Avalon toe gesleep sodat hy dit kan bekyk voordat dit geslag word.

Dit duur 'n uur voordat hierdie eenvoudige transaksie met die bok agter die rug is en die manne verwelkom hierdie geleentheid om te rus. Die reis van drie dae van Dana Talani af, was 'n foltering—'n snelmars met tien minute se rus elke drie uur.

Die manne lê in die skaduwee van die pondokke en babbel onder mekaar. Party bespreek selfs die moontlike rede vir hierdie uitstappie deur die woestyn. Hulle stel meer as belang omdat die Amerikaner Connor hulle van sy besoek aan die majoor vertel het voordat hulle vertrek het.

Die skrille bevel van sersant Collat dat hulle weer moet aantree, kom vir hulle glad te vroeg. Hulle voel humeurig en teneergedruk toe die Lebelgewere weer oor die skouers gegooi word en hulle uit Haloesa wegtrek.

Dalk is dit maar goed dat nie een van hulle die woorde van die bejaarde ou Arabierse vrou gehoor het nie. Sy sit langs haar pondok in die koelte. Haar oë sit diep in haar verweerde ou gesig wat die aanskyn van ou leer het. Dit is amper of sy die patrollie droewig agterna staar toe hulle vortgaan. Sy sê hees tot haarself: " Die skaduwee van die dood lê oor daardie soldate. Ek wat so naby die dood is, kan dit sien. . . ."

Honderd myl is nie 'n besonder groot afstand nie, altans

nie as 'n mens dink in terme van moderne vervoermiddels nie. 'n Moderne leër-afdeling in motorvoertuie, kan dit binne 'n paar uur aflê. In die Vreemde Legioen is dit egter anders. In hierdie deel van die woestyn waar die Legioen nou optree, is glad geen paaie nie. Wanneer manskappe van die Legioen beweeg, moet hulle maar van Dapper en Stapper gebruik maak. Dit is nie so maklik nie. Hierdie sand " suig " feitlik aan jou bene en binne 'n paar myl smaak dit of jou kuitspiere uitskeur. Die sand kom in jou stewels en omdat sokkies nie 'n weeldeartikel is wat in die Legioen uitgedeel word nie, is jou voete net-nou die ene blase. Dan is daar die son, die ontsaglike son, 'n verterende koperbal wat jou teister vandat dit verskyn totdat dit weer in die weste verdwyn.

Onder sulke toestande is honderd myl meer as 'n dagreis —dit is sommer ver.

Die man wat miskien die minste verduur op hierdie lang marse, is Kasper Janse, die Suid-Afrikaanse reus. Groot mense het gewoonlik nie baie wind nie, maar Kasper het dit wel.

Kasper was op sy dae 'n swaargewigbokser aan die Rand en die baie lang gevegte waaraan hy daar deel-geneem het, het hom nie alleen wind gegee nie, maar sy spiere ontsaglik sterk gemaak. Oefening is in sy bloed en hy slaag daarin om nog gereeld bietjie litte los te maak wanneer die B-kompanjie nie in die woestyn ronddwaal nie.

Op hierdie oomblik dat al die ander manne gebukkend loop, is Kasper nog so regop soos 'n kers. Terwyl die andere swets oor die gewig van hul rugpakke, loop Kasper op sy dooie gemak.

Hy loop hier langs Jurg Kruger. Jurg is ook nie van popsuiker nie. Tog is hy so uitgeput dat dit smaak hy kan maar hier neerval en slaap tot wie weet watter tyd toe. Kasper kyk na hom met 'n gevoel van medelye en Jurg voel dit en slaag daarin om bietjie suur teenoor die groot man te glimlag.

" Moenie jou bekommer nie, ou ram," sê Jurg. " Ek skat ek sal darem die paal haal. Dit kan nou nie meer te lank wees voordat ons weer rus nie."

" Dit kan nie meer lank wees nie—nog 'n paar minute en jy sal daardie ou bene bietjie kan laat rus. Dit smaak my ons is nie meer ver van hierdie bouvalle van Zaruse af nie. Dalk bereik ons hulle nog voor sononder. Wat 'n ekspedisie! Hier moet 'n mens jou vrek loop oor twee verdekselse Amerikaners dit in hul harspanne gekry het om hier te kom rond dolwe tussen ou bouvalle. Ek wens die spoke vreet hul sitvlakke stukkend," sê Kasper.

Jurg reken ook dat hulle nie meer te ver van die bouvalle af kan wees nie. Hierdie is reeds die vierde dag sedert hulle Haloesa verlaat het en hulle het getrek soos hulle nog selde deur die woestyn getrek het.

Hierdie was nie 'n aangename mars nie. Nie alleen was daar die vreeslike hitte nie, daar was ook die eensaam-heid met die gevoel daarby dat jy gedurig beloer word deur oë wat jy nie kan sien nie. Die manne het onder mekaar oor hierdie gevoel gesels omdat hulle almal daar-die vreemde indruk gehad het. Nie een van hulle hou daarvan dat hulle die Dalak-wêreld so ver binnegaan nie. Die meeste van hulle het al die een of ander ondervinding met hierdie bloeddorstige boel gehad. Met elke tree vorder hulle verder van moontlike hulp af, van hulle af wat hulle kan onderskraag as daar dalk moelikheid met hierdie Dalaks kom.

Ja, hierdie Dalaks. . . .

Hulle het die bynaam van die " Ruiters van die Hel." Hulle is dapper, vernuftig en heeltemal sonder genade. Geslagte lank voer hulle al 'n bloedige en aanhoudende stryd teen die Franse Driekleur hier in die Sahara. Suksesse het hulle al behaal, maar die jongste verpletter-ende neerlaag van die hand van die Legioen het hulle na hierdie verafgeleë en verlate gebied laat uitwyk.

Diegene wat hulle ken, weet egter dat die Dalaks nie lank in hul skulp gekruip sal wees nie. Eerlank sal perde-hoewe weer hier oor die sandwildernis donder. Slegs totale uitwissing sal die gevaar van die Dalaks volkome

beëindig en dit is 'n grusame taak wat Frankryk sekerlik nie bereid is om te onderneem nie.

En nou beweeg hierdie patrollie van sestig manne byna in die hartjie van hul gebied.

Hierdie toestand is ook voorop in D'Avalon se gemoed terwyl hy hier vooraan die kolonne voortslof. "Liewe deug!" sê die kaptein sonder om die woorde uit te spreek, "Hierdie is meer as gevaarlik—dit is fantasties."

Daar in Dana Talani het dit nie so 'n besonder gedugte onderneming gelyk nie. Daar het hy dit beskou meer as 'n interessante uitstappie, 'n welkome wegbreking van die roetine in die garnisoendorp. Daar het sestig man vir hom genoeg gelyk. Daarom het hy nie om meer gevra nie, hoewel hy seker is dat Pylo onder bietjie druk meer sou afgestaan het. Ja, hier in die gevaarlike woestyn lyk die prentjie nou heeltemal anders as wat dit daar in die garnisoendorp gelyk het!

Dit is waar dat hulle in die afgelope vier dae nie 'n lewende siel gesien het nie, nie Dalaks of enigiemand anders nie, maar D'Avalon laat hom nie daardeur om die bos lei nie.

Daar word gesê dat hierdie Dalaks die oë van die woestyn is, dat hulle kan sien sonder om gesien te word en dat hulle soos weerlig toeslaan, soos die Legioen al tot sy bitter verdriet ondervind het.

"Hulle weet maar te goed dat ons hier is," dink D'Avalon. "Hulle het ons deurentyd beloer. Ek kan *voel* dat dit so is."

Dit is die gevoel wat hulle almal ervaar.

D'Avalon kyk op sy polshorlosie en dan wink hy vir Collat. Collat breek uit gelid en roep uit: "Halt!"

Collat se stem is nie meer so deurdringend soos gewoonlik nie, maar die bevel word onmiddellik gehoorsaam. Dit is die bevel waarop hulle al so lank smagtend wag. Daar is geen verdere bevel nie en die manne gespe hul toerusting los, gooi dit op die sand neer en dan sak hulle self dankbaar neer.

D'Avalon gaan nie lê nie. Hy trek sy landkaart uit die



ronde silinder waarin hy dit ronddra en vou dit oop. Met behulp van 'n potlood maak hy 'n berekening en Collat staar na hom, sy kop effens skeef soos dié van 'n nuuskierige voël.

"Ons behoort die bouvalle van Zaruse te bereik voordat dit donker word," sê D'Avalon teenoor Collat. "Dit is nog sowat ses myl hiervandaan—sowat drie uur se loop."

"Dis baie bevredigend, *mon capitaine*, maar ek wonder of ons hierdie Dalaks sal raakloop selfs wanneer ons die ruïnes bereik het. Hulle is so skaars soos kwartels."

D'Avalon knik moeg. "Ja, ek wonder self wat van die vabonde geword het. Ek wonder wat van hierdie twee Amerikaners geword het. Ek wonder of hulle Zaruse ooit bereik het. As ons die plek verlate vind, is daar niks anders te doen as om na Dana Talani terug te keer en Algiers te laat weet dat ons ons bes gedoen het nie. Die owerheid sal nie kan beswaar maak nie. Ons kan tog seker nie elke sandkorreltjie in hierdie woestyn omkeer om hierdie twee Amerikaanse gekke te probeer vind nie. Ek is heeltemal seker dat hulle lankal hul rieme met hierdie Dalaks styfgeloop het."

D'Avalon steek die landkaart weer in die silinder. Dan sprei hy sy mantel op die sand oop. Hy is net op die punt om te gaan lê, toe hy vinnig na die gesigseinder kyk. Dit is sy gewoonte. Nou is hy dankbaar dat hy daardie gewoonte aangeleer het. Hy ruk sy verkyker uit.

Hulle is reg voor die kolonne en hulle kom vinnig nader.

Sersant Collat staan op en kom staan hier langs D'Avalon. Hy kyk onrustig na die kaptein en dan weer na die leegheid voor hulle. Wat D'Avalon sien, kan nog nie te duidelik met die blote oog gesien word nie.

"Wat sien u, *mon capitaine*?"

D'Avalon bly die verkyker teen sy oë vasdruk terwyl hy antwoord: "Daar kom twee ruiters aan. Aan hul klere lyk hulle na Dalaks."

"Net twee?"

" Net twee. Dis snaaks! Hulle het ons tog seker al gesien en tog kom hulle reg op ons afgejaag."

'n Paar oomblikke ondersoek D'Avalon die res van die horison met sy verkyker. Daar roer niks nie.

Nou is die meeste manne in die kolonne reeds bewus dat iets aan die gang moet wees. Ondanks hul uitputting, leun hulle op hul elmboë en staar oor die bewende sand.

Collat praat 'n paar woorde met D'Avalon en dan kom die vinnige bevel wat die manne dadelik laat opstaan. Hulle staan net daar, want D'Avalon het besluit dat meer nie nodig is nie. Met hierdie uitgeputte manne wil hy nie meer doen as wat heeltemal nodig is nie.

" Hoe lyk daardie twee dan of hulle vir iets wegjaag?" sê Jurg teenoor Kasper.

Die twee ruiters is nou minder as 'n halfmyl van die kolonne af en hulle kan nou heeltemal duidelik gesien word.

Kasper kyk vraend na die twee ruiters. " Dit lyk amper so . . . maar waarvoor sou hulle vlug? Hierdie is mos hulle wêreld, nie waar nie? Dalk het hulle daar in die bouvalle 'n spook teëgekom."

Hulle is sonder twyfel Dalaks. Niemand kan daaraan twyfel nie. Terwyl hul symantels agter hulle wapper, kan die purperborduursels duidelik gesien word. Hulle jaag kop aan kop en hulle lê vooroor oor hul hoë saalknoppe. Af en toe kyk die een of die ander oor sy skouer, vinnig, asof hulle iets van agter af verwag.

Die Legioen manne mompel verwonderd onder mekaar. Nie een van hulle is so uitgeput dat hy nie met die grootste belangstelling aanskou hoe die twee ruiters 'n paar tree van D'Avalon af kom opploeë nie. Die twee perde is nat van die sweet en skuimbolle staan voor hul bekke. Hulle is oor die voorspoor gery, dít kan enige mens sien.

Die manne lyk byna net so uitgeput as die perde. Hulle swaai lighoofdig in die saals. Soos die meeste Dalaks is hulle lank en skraal. Hul skerp, valk-agtige gesigte is vaal van die sand. Hulle lyk beide soos manne wat die vrees in hulle het.



Die Dalak naaste aan D'Avalon het beter klere aan as die ander een. Op die bors en op die skouers is sy kleed pragtig uitgewerk. Die hef van sy dolk is met juwele ingelê. Dieselfde is die geval met die handvatsel van diè kromsabel wat aan sy sy hang.

Altwee hou hul regterhande in die lug op, die palms na buite gedraai—die tradisionele vredesteken van die Dalaks. D'Avalon doen dieselfde terwyl hy hulle benuut dophou. Dan praat hy met die een wat so fyn uitgevat is: " Julle lyk baie haastig. Wat kom julle hier by ons soek?"

Die Dalak haal swaar asem toe hy antwoord: " Hulle wat vlug vir hul lewens het nie tyd om te draai nie. Julle is op pad na Zaruse toe, nie waar nie?"

D'Avalon aarsel bietjie en dan antwoord hy bevestigend.

" Ek bid u om nie daar heen te gaan nie. U soek seker na die twee witmanne, maar u moet tog nie verder soek nie—in hemelsnaam, u moet nie verder na hierdie twee manne soek nie."

Die nuuskierigheid verdiep op D'Avalon se gesig.

" Wat weet julle van hierdie twee witmanne af?" verneem die kaptein. " Is hulle in Zaruse?"

Die Dalak se oë word groot en wit asof hy hom die een of ander bloedige nagmerrie herinner.

" Hulle is daar, maar. . . ."

D'Avalon breek ergerlik tussenin: " Dan moet ons hulle vind. Is hulle nog veilig?"

Die Dalak trek sy kort dolk uit en hou die lem blitsend in die lug omhoog. D'Avalon erken dit as die tradisionele manier om te verduidelik dat hy sweer en niks anders as die waarheid praat nie. Terwyl hy die lem so in die lug hou, sê hy: " Hulle is veilig en niemand kan hulle aanraak nie, omdat hulle die Talaki-steen gevind het."

D'Avalon kyk verdwaas na die Arabier terwyl hy weer die dolk in die skede steek. Dan kyk hy na Collat, maar die sersant het ook geen uitleg nie.

" Wat het hulle gevind?" Daar is 'n toon van pure verbasing in D'Avalon se woorde.